BELANGRIKE KENNISGEWING

SINDELIKHEID VAN PERSELE

Dit is weer daardie tyd van die jaar wanneer gras en onkruid welig groei en Swartland Munisipaliteit noodgedwonge moet optree om die sindelikheid van persele in sy gebied te verseker.

Die Munisipaliteit se Verordening insake die Voorkoming en Onderdrukking van Oorlaste (PK 6067 van 12 Junie 2015) plaas 'n verpligting op elke grondeienaar in die Swartland munisipale gebied om toe te sien dat sy/haar eiendom nie met bosse, onkruid, gras, *port jackson*-bome of ander plantegroei oorgroei word nie.

Die inspeksie van oorgroeide erwe sal vanaf September 2020 'n aanvang neem.
Waar vuil erwe geïdentifiseer word, sal erfeienaars 'n kennisgewing kry waarin hul versoek word om hul erwe binne 30 (dertig) dae skoon te maak. Na afloop van die gemelde 30 dae sal eiendomme weer geïnspekteer word om te bepaal wie aan die aanmaning gehoor gegee het.

Indien, in hierdie stadium, 'n erfeienaar steeds in versuim is, sal die erf skoongemaak word deur 'n kontrakteur wat vir hierdie doel deur die Munisipaliteit aangestel sal word. **Die kontrakteur se fooi, sowel as 'n 15% administratiewe fooi, sal van die erfeienaar verhaal en teen sy diensterekening gedebiteer word.**

Enige navrae in hierdie verband kan gerig word aan mnr K Marais of me A Burger by Swartland Munisipaliteit (Tel 022-487 9400).

(get) J J Scholtz
MUNISIPALE BESTUURDER
Junie 2020

IMPORTANT NOTICE

CLEANLINESS OF ERVEN

Once again it is that time of the year when grass and weeds grow rampantly and Swartland Municipality is required to undertake action to ensure the cleanliness of all erven within its area.

The Municipality's By-law relating to the Prevention and Suppression of Nuisances (PN 6067 of 12 Junie 2015) requires from every property owner in the Swartland municipal area to ensure that his/her property is not overgrown with bush, weeds, grass, port jackson trees or other vegetation.

The inspection of overgrown erven shall commence from September 2020.
Where overgrown erven are identified, property owners shall be served with a notice requesting them to clean their erven within 30 (thirty) days. After a lapse of the said 30 days, properties will once again be inspected to determine whether or not the reminder was adhered to.

In the event of a property owner still being in default at this stage, the erf will be cleaned by a contractor to be appointed by the Municipality for this purpose. **The contractor's fee, as well a a 15% administration fee, shall be recovered from the property owner, by debiting such fee against his/her services account.**

Any enquiries in this regard may be directed to mr K Marais or ms A Burger at Swartland Municipality (Tel 022-487 9400).

(sgd) J J Scholtz
MUNICIPAL MANAGER
June 2020